# TROU? NOOIT!

## Fantasieë ‘byt’ Gigi aan gat



AMELIA DE RIDDER
amelia.deridder@sondag.co.za

**DIE stoute fantasieë wat die sexy stripper Gigi aan mans in haar Lollipop Lounge-stripklub in Johannesburg verkoop, het haar waarskynlik aan die gat gebyt!**

Bel ons wenklyn 078 597 2426

Gigi, wat deur ’n egskeiding gaan, beweer mans hou gewoonlik van iets wat hulle nie mag kry nie.

“Dis mos forbidden fruit,” sê sy.

Gigi meen sowat 80% van wit mans in haar stripklub is getroud en baie van hulle gaan ook graag “saam met vroue van kleur”.

Gigi het sowat drie jaar gelede uit die slaapkamer van haar en haar vervreemde man, die gerekende motorjoernalis Egmont Sippel, se mansion getrek.

Sy het hom uiteindelik in Februarie vanjaar om ’n egskeiding gedagvaar nadat hy haar in polisieselle laat toesluit het vir aanranding. Gigi verduidelik dat sy hom bloot aan sy haredos en baard beetgekry het nadat sy hom deur haar persoonlike lêers sien krap het.

En aangesien hy ná die stoeivoorval ook ’n beskermingsbevel teen haar bekom het, word Gigi reeds van Februarie af nie by hulle huis toegelaat nie en bly sy nou op haar eie.

“Ek kon gelukkig my voël (papegaai) gaan haal. En ek weet darem hy sal goed na my katte kyk. Hy’s ’n goeie pa.”



**VERBODE VRUGTE: Gigi meen mans hou van dit wat hulle nie mag kry nie.Foto: DAWID ROUX**

Volgens haar is hulle nie kwaaivriende nie en hoewel hulle sukkel om ’n skikkingsooreenkoms te bereik (hulle baklei nog oor eiendomme en geld), sê sy dat sy niks sleg van Egmont kan sê nie.

“Maar Egmont was getroud met sy werk en daarom nooit by die huis nie.”

As eienaar van die suksesvolle stripklub was Gigi ook maar min tuis. “Ons het uitmekaar beweeg,” sê sy.

“Na 15 jaar se huwelik is dit jammer, maar dis die lewe,” meen sy.

Gigi sê egter sy sou niks anders doen as sy weer die kans sou kry nie. Sy het nou die vryheid om rond te rits soos sy wil.

Sy sê sy het intussen heeltemal aanbeweeg met haar lewe en jare gelede al vrede met haar mislukte huwelik gemaak.

Die blonde bom is nie skaam om te erken dat sy mans as “sex objects” sien nie, maar sê sy sal beslis vir ’n hele ruk van mans af wegbly.

“Ek sal nóóit weer trou nie!

“Ek het geen illusie van white picket fences nie.”

Egmont wou geensins kommentaar lewer nie, omdat hul skeisaak nog voorlê.

Gigi is SONDAG se Stukkie op bl. 26.

## Knapie trou met bejaarde

’n Agtjarige laaitie van Pretoria het GETROU met ’n 61-jarige vrou na sy voorvadergeeste vir hom gesê het hy moet!

Sanele Masilela het met Helen Shabangu getrou wat klaar in ’n huwelik is en ook vyf kinders het!

“Hierdie is ’n eerste vir die familie”, sê Patience Masilela, ma van die jong bruidegom.

“Sanele is vernoem na sy oupa, wat nooit ’n troue kon bywoon voor hy dood is nie. So, toe vra hy vir Sanele om te trou.

Ons het die voorvaders gelukkig gemaak. As ons dit nie gedoen het nie, dan sou daar iets verskrikliks met die familie gebeur het,” sê sy.

Die familie beskou die troue slegs as ’n ritueel en nie as ’n wettige huwelik nie.

Geen trousertifikaat is deur die aardige paartjie geteken nie, dus hoef die twee ook nie saam te bly nie.

Die troue het twee maande gevat om gereël te word en die twee duifies het voor 100 gaste ringe uitgeruil en gesoen.

Die jong Casanova was blykbaar baie in sy noppies met homself.

“Ek is bly ek het met Helen getrou, maar nou gaan ek terug skool toe gaan en hard leer.

“As ek ouer is sal ek met ’n meisie van my eie ouderdom trou.” - Allvoices

## Sepiester wil nou net herstel

BIANCA VAN AARDT

Twee weke ná die sepiester Deon Coetzee in Melville aangeval is, sê Deon hy kan steeds nie meer van die voorval nie onthou.

“Niks het verander nie,” sê Deon.

“Ek het ’n helse week agter die rug en ’n kopseer wat skrik vir niks. Ek is moeg en uitgeput,” sê hy.

Deon is op ’n plaas in Heidelberg en sê al wat hy nou nodig het is om te ontspan en te herstel.



**KOPSEER: Deon Coetzee sê hy het net tyd nodig om te herstel.**
**Foto: FOTO24**

SONDAG

ONS WIL VAN JOU HOOR
*Sondag* verwelkom nuuswenke en gereelde interaksie met sy lesers. Enigiemand met inligting wat as nuuswaardig beskou kan word vir ’n weekblad soos *Sondag*, is welkom om met ons kantore in verbinding te tree van Dinsdae tot Saterdae.
ADRESSE
E-posadres: sondag@sondag.co.za
Briewe: briewe@sondag.co.za
JOHANNESBURG
Redaksie: ☎ 011 877 6174
Virginia Keppler (nuus):
☎ 011 877 6167
PRETORIA
Redaksie: ☎ 012 424 6146

DIREKTE ADVERTENSIES
JOHANNESBURG
Estee Lombard:
☎ 011 713 9109
PRETORIA
Peter Böhme:
☎ 012 424 6000

VERSPREIDING
Enigiemand wat probleme ondervind om *Sondag* in winkels, kafees en selfs op straathoeke in die hande te kry, sms **“Sukkel”**, **jou naam** en **dorp** na **34261** en ons bel jou in die week terug. Of kontak ons kantoor op Sondae tussen 07:00 en 12:00 by ☎ 011 877 6174
**Navrae vir intekenare en agente:**
intekenare@media24.com
☎ 0860 109 553

Media24 NUUS NEWS

ALLES OOR SONDAG
*Sondag* word besit en uitgegee deur English Titles, ’n afdeling van Media24 Bpk., Kingsway 69, Auckland Park, Johannesburg, gedruk deur Paarl Coldset (Edms.) Bpk., Heidelbergweg 83, City Deep Produksiepark, City Deep, en versprei deur On the Dot.
*Sondag* verbind hom tot die gedragskode van die Suid-Afrikaanse Nasionale Redakteursforum (Sanef).
Ons onderneem dus om foute by die eerste moontlike geleentheid reg te stel.
As lesers en nuusmakers klagtes oor die inhoud van *Sondag* het, bel Dirk Lotriet by ☎ 011 877 6171 in kantoorure (Dinsdae tot Vrydae tussen 09:00 en 16:00) of stuur ’n e-pos aan sondag@sondag.co.za.
*Sondag* onderwerp hom ook aan die oordeel en beslissings van die Persombudsman.
As lesers nie by *Sondag* geholpe raak nie, nader gerus die onafhanklike, nasionale Persombudsman, Joe Thloloe. E-pos: persombudsman@ombudsman.org.za; Posbus 47221, Parklands 2121; ☎ 011 484 3618/9.